Noah's Ark Independent Primary School

Subject: Afrikaans	Examiner: Smith, M
Type: End of Term 1 Assessment	Moderator: Teles, K
Date: 6 April 2021	Grade: 4
Marks: 70 Marks	Time: 1 hour 45 minutes

Naam:

Instruksies:

Lees die vrae aandagtig deur voordat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sinskonstruksie.

Skryf netjies en leesbaar.

Afdeling A : Lees en Kyk

Oscar en Jess, die klein hondjies, was besig om pret te hê. Hulle het 'n plan gevind om binne-in die huis te sluip wanneer hulle eienaars uit was. Jess, die groter hondjie, het 'n kussing op die sofa gevind en het dit uitmekaar begin ruk. Oscar het 'n skoen onder die bed gevind om aan te kou. Skielik het die kat, Sneeubal, deur die venster gespring. Die hondjies het dadelik hulle speelgoed gelos en die kat begin jaag. Om en om het hulle baljaar, oor die stoele, op die beddens, onder die tafels, grommend en blaffend. Wat 'n gemors het daardie stoute diere gemaak!

1. Wat is die kat se naam? (1)

_____

2. Wie is die kleiner hondjie? (1)

_____

3. Waar het Oscar die skoen gekou? (1)

_____

4. Wat het die hondjies laat ophou om die kussing en skoen te kou?

_____

_____ (2)

5. Watter geluide het die hondjies gemaak terwyl hulle die kat gejaag het? (1)

_____

6. "Om en om het hulle baljaar". Wat beteken dit? (2)

_____

_____

7. Dink jy die hondjies is toegelaat in die huis, terwyl hulle eienaars uit was? Gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

_____

_____

8. Antwoord net waar of onwaar.

a. Sneeubal het deur die venster gespring . (1)

_____

b. Jess het 'n kussing op die sofa gevind (1)

_____

c. Oscar en Jess is die hondjies. (1)

_____

d. Jess is die groter hondjie. (1)

_____

_____/15 (Afdeling A)

Afdeling B : Taalstrukture en konvensies

Vraag 1: Gee die meervoud van die woorde tussen hakkies. (4)

1. Daar is prente teen die (muur) _____.

2. Ek knyp my (oog) styftoe _____.

3. Die graad 4's is in twee (klas) _____.

4. Die kinders sit hul (tas) buite _____.

Vraag 2: Voltooi die sinne met die werkwoorde in die blokkie. (4)

lees	luister	braai	hardloop

1. Don se suster _____ 'n boek.

2. My broer _____ vining in die resies.

3. Oupa _____ na die radio.

4. Pa _____ wors op die vuur.

Vraag 3: Vul die regte voorsetsels in die volgende sinne aan. Kies voorsetsels uit die blokkie. (4)

voor	onder	in	oor

1. Die hond hardloop _____ die straat.

2. Die motors ry _____ deur die brug.

3. Jan staan _____ in die ry.

4. Daar is 'n vis _____ die water.

Vraag 4: Voltooi die trappe van vergelyking in die volgende raam. (4)

kort		kortste
slim	slimmer	
dun		

Vraag 5: Skryf langs die telwoord die rangwoorde. (2)

1. Een _____.
2. Tien _____.

Vraag 6: Maak hierdie sinne een deur die voegwoorde (omdat en want) te gebruik. (2)

1. Ons moet vandag warm aantrek _____ dit is koud.
2. Sannie koop vir haar 'n roomys _____ sy baie daarvan hou.

_____ / 20 (Afdeling B)

Afdeling C : Skryf en Aanbied



Rubriek

Rubriek	Montlike punte	Leerder punte
Verstaan wat in die prent aangaan.	3	
Korrekte taal gebruik	5	
Sinne in die teenwoordige tyd	4	
Leesbaar en netjies aangebied	3	
Totaal	15	

Afdeling D: Luister en Praat

Wense

As al die bome en die gras
van melktert en van suiker was,
en al die voëltjies en die vee
ja, al wat leef, selfs ons ou haan,
uit wors en biltong het bestaan –
as al die damme koffie was
en die hele see vol wyn,
en al die klippe kase was
en daar was geen asyn –
dan sou ek heeldag eet en drink
en skoolgaan glad vergeet.
Maar... wat sal van my maag word?
Ek wonder of ek weet...

HILDA POSTMA, *KEUR VIR ONS KINDERS*, 1988.

Rubriek

Rubriek	Montlike punte	Leerder punte
Woorde korrek uitgespreek	5	
Vlot gelees	5	
Met intonasie gelees	5	
Gebruik leestekens	5	
Totaal	20	

_____ / 50 Totaal